

Sing vooraf staande: Psalm 145:5 (p. 696)

- 5 Hul sal, o HEER, u goedheid bly herdink / en vir u heil die jubels op laat klink:
genadig, goed, lankmoedig soos weleer, / barmhartig en 'n redder is die HEER.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 18:1 (p. 71)

- 1 Ek het U hart'lik lief, o HEER! / U is my sterkte en teëweer.
Die HEER 's my rots, my vesting sterk, / my redder wat my heil bewerk,
my rots wanneer die stormwind huil, / my skild, die weerkrag van my heil,
my vesting op die bergkrans steil, / by wie ek vas en veilig skuil.

Geloofsbelydenis Apostolicum

Na die wet sing ons Psalm 25:3 (p. 116)

Wet

Psalm 25:3 (p. 116)

- 3 Dink aan my in mededoë / as ek biddend voor u pleit;
milde hande, vriend'like oë / is by U van ewigheid.
Dink nie aan die sondes meer / van 'n yd'le jonkheidslewe;
wil tog, om u goedheid, HEER, / ál my sondes my vergewe!

Gebed

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*
- *Vergifnis:*
- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Amen.

Psalm 119:7 (p. 587)

- 7 Help my, HEER, dat ek kan lewe; / dan wil ek u woord bewaar.
Laat my oog aanskou die wonders / wat u wet my openbaar.
Wat besit ek hier op aarde? / Niks is daar wat my behoort.
Maar één ding, daarna verlang ek – / dis die rykdom van u woord.

Skriflesing: Lees Genesis 49: 8-12 en 49: 27 en 1 Samuel 8:1-7; 1 Samuel 9

Teks: 1 Samuel 9:15

Want die Here het dit een dag voor die koms van Saul aan Samuel geopenbaar ... (1 Samuel 9:15 AFR53)

Van baie vroeg af al het die gelowiges die behoefte gehad aan 'n regeerder wat met krag en in waarheid oor hulle kon regeer. Ten diepste was dit al 'n soeke en 'n roep na die ware koningskap van die Here Jesus – die Koning van die kerk.

Ons kyk in hierdie preek na die volgende sake:

1. Die Here se voorbereiding van die koningskap
2. Wie is nou die eerste koning?
3. God maak jou bekwaam vir jou roeping!
4. Toepassing

1. Die Here se voorbereiding van die koningskap.

As ons kyk na die geskiedenis van Israel, dan sien ons dat die saak soos volg ontwikkel het:

- Op Jakob se sterfbed het hy elke seun geseën.
- Die seën wat hy oor elke seun uitgespreek het, was bedoel om 'n profesie te wees van hoe die stam wat uit die seun gebore sou word, in die toekoms sou wees.
- In die seën wat uitgespreek word oor Juda, hoor ons dat hierdie stam gaan regeer:
 - Die septer sal van Juda nie wyk nie.
 - Aan Hom sal die volke gehoorsaam wees.

Ons weet dat hierdie woorde in vervulling gegaan het met Dawid en sy nasate se heerskappy oor die volk Israel.

- Ons weet dat die Here met hierdie woorde meer voorspel het as net die koningskap van Dawid.
- Die Here het ook hiermee voorspel dat die Here Jesus as die ewige Koning uit hierdie stam gebore sou word.

Dit bring ons by die geskiedenis waarvan ons gelees het: Die profesie begin in vervulling gaan.

- Die volk is nou al 'n klomp jare in Kanaän en nou wil hulle 'n koning hê!
- Ten diepste is dit die sug na die ware Koning, maar by hulle kom dit verkeerd uit in die begeerte na 'n aardse koning.

'n Ongelowige mens sou dink dat die volk Israel maar heeltemal *toevallig* op hierdie punt uitgekom het.

- Tog is die Bybel baie duidelik dat alles gebeur presies soos wat God dit beplan het.
- Terwyl hulle nog in die woestyn was, het die Here al vir hulle gesê dat hulle in Kanaän 'n koning oor hulle moet aanstel:

As jy kom in die land wat die HERE jou God jou sal gee, en dit in besit neem en daarin woon en dan sê: Ek wil 'n koning oor my aanstel soos al die nasies wat rondom my is, dan moet jy sekerlik 'n koning oor jou aanstel wat die HERE jou God sal verkies; uit die midde van jou broers moet jy 'n koning oor jou aanstel; jy mag geen uitlander, wat jou broer nie is nie, oor jou aanstel nie.
(Deuteronomium 17:14-15 AFR1953)

Tot op hierdie stadium van die geskiedenis wat ons saam gelees het, het God self oor sy volk geregeer.

- Die Here het in hierdie tyd van rigters gebruik gemaak om oor die volk te regeer en hulle te verlos.
- Samuel was die laaste rigter.
- Samuel kon nie meer al die werk behartig nie, en toe het hy sy seuns Joël en Abia aangestel om hom te help met die werk.

Die twee seuns het egter sleg uitgedraai en van hulle werk as regeerders het hulle 'n mislukking gemaak.

- Hulle het hulle laat omkoop.
- Toe kom die volk na Samuel toe: Hulle wil 'n koning hê soos die heidenvolke.

Hulle wou nie een hê omdat hulle die Here se vroeëre opdrag wou uitvoer nie.

- Die saak was vir Samuel baie verkeerd, want hy het besef dat die Here Koning is oor Israel.
- Daarby het Samuel hom die saak ook persoonlik aangetrek – waarskynlik omdat hy nie meer bekwaam was nie as gevolg van sy ouderdom, en omdat sy seuns toe so sleg was.
- Die Here troos hom deur hom daarop te wys dat die volk met hierdie besluit van hulle nie Samuel nie, maar die Here verwerp het.

Die volk het die voorreg om die Here as Koning te hê, misken, en vra vir 'n koning op die styl van die heidene rondom.

- Daarom sê hulle hulle wil 'n koning hê “soos by al die nasies”.
- Veral die woorde “soos by al die nasies” was baie krenkend vir die Here.
- Die manier waarop hulle die koning eis, het gemaak dat hulle nie aanvanklik die goedgunstigheid van die Here gehad het nie.

Kyk hoe reageer die Here:

- As gevolg van hulle verkeerde ingesteldheid gee die Here die eerste keer vir hulle 'n koning wat is soos die aardse koning wat hulle wil hê: **Saul**.
- Mettertyd, wanneer dinge skeefloop, sou die Here die regte koning op die troon plaas: **Dawid, die man na sy hart!**
- Daarna sou die konings ook verswak in hulle koningskap totdat die volk uiteindelik in ballingskap weggevoer word.

In hierdie geskiedenis word die verganklikheid van die mens as koning geteken, maar juis hierdie swakhede van hulle profeteer van die Here Jesus Christus se koningskap!

- Hulle swakheid profeteer juis dat in kontras teenoor hulle swakhede die ware Koning sy amp volmaak sou bedien.
- Die Messias sou nie deur hierdie swakhede van sonde en onbekwaamheid gebind wees nie.
- Hy sou regeer met volmaakte insig en krag.

Die volk kry dus 'n koning. Dit was in elk geval God se bedoeling dat die koning mettertyd op die troon sou kom.

- Die koning sou as God se koning tussen die volk en God staan; hy sou regeer in die Naam van God.
- Soos wat die priester versoening tussen die volk en God bemiddel het, sou die koning die heerskappy van God oor die volk bemiddel.
- Daarin is die koning ook in sy koningskap 'n tipe van Christus.

2. Wie is nou die eerste koning?

Op sy sterfbed het Jakob oor **Benjamin** geprofeteer dat hy 'n wolf sou wees wat verskeur.

- Sy nasate sou van die oggend tot die aand op die roof uit wees.
- Daarmee het die Here die Benjaminiete geteken as woeste soldate.
- Ons lees dikwels met besondere vermelding in die Bybel hoe dapper die Benjaminiete geveg het.

Daar is egter 'n skadu-kant ook!

- Die Benjaminsiete het nie altyd respek vir lewe en eerbaarheid gehad nie.
- Ons lees in Rigters 19 dat hulle homoseksualisme bedryf het, en toe hulle nie daarmee hulle sin kon kry nie, het hulle 'n Levitiese man se byvrou 'n nag deur verkrag totdat sy dood was.

Dit alles lê in Jakob se profesie dat Benjamin 'n wolf sou wees!

- *Daarom kies die Here die eerste koning nie uit die stam van Juda – soos Hy voorspel het nie.*
- *Hy kies hom uit die stam van Benjamin.*

Die eerste koning is 'n vegter wat die volk se weermag op die voete sou bring, en wat die Filistyne in toom sou hou totdat die regte koning die troon moes bestyg.

- *Maar in sy woestheid sou hy grootliks 'n koning wees soos die konings van die volke!*
- *Saul is dus bloot 'n oorgangsfiguur wat die pad vir Dawid moet voorberei.*
- *Hy is soos Johannes die Doper die wegbereider van die ware koning wat sou kom.*

As mens nie al hierdie dinge geweet het nie – wat God reeds in daardie stadium geopenbaar gehad het – sou jy die eerste gedeelte van Saul se geskiedenis lees en dink dat hy maar *toevallig* by Samuel uitgekam het.

- Maar die Here wil juis hê dat die gelowige leser moet sien en weet dat daar glad nie 'n ding soos toeval is nie.
- Daarom sê ons teksvers dat die Here al die vorige dag aan Samuel geopenbaar het dat Saul op pad is.

Die Here openbaar in hierdie stuk geskiedenis sy almag: Hy beplan vir eeue reeds die koningskap, en nou voer Hy sy raadsplan in die tyd uit.

- Die Israeliete kom vra 'n koning – en die Here bewillig dit.
- Dan beskik die Here dat die een wat moet koning wees, ver van sy stamgebied af moet gaan soek vir 'n paar donkiemeries wat weggeraak het.
- Hy soek so ver dat hy by Samuel kan uitkom, waar hy gesalf kan word as koning oor die Here se volk.

3. God maak jou bekwaam vir jou roeping!

Daarom is die salwing ook so indrukwekkend: Samuel het die kruik met olie geneem en dit oor Saul se kop uitgegiet en hom gesoen en gesê:

Het die HERE jou nie gesalf as vors oor sy erfdeel nie? (1 Samuel 10:1b AFR53)

In die vraag word die saak soveel sterker gestel! Hy moet ja antwoord en daarmee moet Sal beseef dat hy:

- **deur God** gesalf is.
- Hy is gesalf oor **God se volk**, wat God se erfdeel is.

Hiermee stel die Here dit baie duidelik dat Israel nie maar 'n gewone volk is nie.

- Hulle het hulle sondes, en as mense is hulle in hierdie saak van die koningskap ook maar kortsigtig, maar hulle is nie 'n gewone volk in die ry van volkere nie.
- Israel is die erfdeel, die besitting, die eiendom van die Here.
- Saul moet oor hierdie eiendom van die Here die koningskap van die Here gaan uitoefen.

MAAR Saul se siel was nie so groot soos sy liggaam nie! Saul het geestelik nie bo die res van die volk uitgestaan nie.

- Hy het byvoorbeeld nie eers geweet van die siener nie. Sy kneg moes hom van die siener vertel.
- Met sy salwing het hy ook gaan wegkruip. Hy het in homself dus nie sterk vermoëns as leier gehad nie.
- Maar Hy word deur God bekwaam gemaak!

Die Here stel dit verder ook duidelik dat Saul as koning aangewys word as verhooring van die volk se gebede:

Ek het my volk aangesien, omdat sy geroep na my gekom het!

(1 Samuel 9:16b AFR53)

God wil sy volk uit die verdrukking onder die Filistyne verlos, en daarom word Saul die man wat hierdie bevrydingswerk moet gaan doen.

Die Here begin dadelik om Saul bekwaam te maak vir sy roeping. Daardie aand voor sy salwing gaan hy saam met Samuel huis toe.

- Samuel neem hom op die dak van sy huis. Daar onderrig Samuel Saul oor die bekommernis van die Here oor sy volk.
- Hy onderrig die toekomstige heerser oor die manier waarop die volk van God regeer moet word: **Die toekomstige koning moet die volk regeer deur homself en die volk voortdurend tot die Here te bekeer.**

Die anderdagmôre word die kneg vooruitgestuur. Samuel wil alleen met Saul wees as hy hom self.

- In hierdie salwing is daar baie duidelik die simbool dat God die mens wat Hy roep bekwaam maak.
- Die olie wat oor sy kop en sy skouers afloop, simboliseer hoe die Gees van God die geroepe oorspoel sodat hy kan weet dat die Here hom lei en bewaar.
- Die lekker reuk van die olie simboliseer ook dat hy in die uitoefening van sy amp, die geur van God se koningskap sal uitdra.

4. Toepassing

Daar is uit hierdie gedeelte 'n paar dinge duidelik:

- Die eerste is dat God van alle ewigheid af dieselfde is. Hy het alles beplan, en oor die eeue gebeur presies dit wat God van die begin af in gedagte gehad het.
 - Daarom is daar aangetoon dat die seën van Jakob eeue later in vervulling gegaan het in die koningskap oor Israel.
 - Ons kan weet dat dit uiteindelik in die hiernamaals vervul word in Christus Jesus, die God en Koning van die gelowiges.
 - Met ander woorde die gedeelte is vir die ware gelowige tot troos: Niks gebeur toevallig nie. Dinge gebeur net soos wat God dit beplan het.
- Die tweede saak is dat God ook elke mens roep tot 'n bepaalde taak in die lewe.
 - En hierdie taak word gekoppel aan bepaalde verantwoordelikhede.
 - Samuel word geroep om die laaste rigter oor Israel te wees, maar hy word ook geroep om die eerste twee konings oor Israel te self.
 - So word Saul geroep om die Filistyne in toom te hou, en om 'n weermag in Israel te monster.

In sy roeping word Saul van die begin af daarop gewys dat hy moet doen wat God wil hê dat hy moet doen. Hy kan nie onbeteueld in sy amp voortgaan nie.

- Die derde saak is dat ons onself moet ondersoek: Hoe verantwoordelik is ons teenoor die Here?
 - Elkeen van ons se roeping word ook afgebaken binne sekere grense: Saul moes koning wees oor 'n volk wat hy nooit sou besit nie – dit was die Here se eiendom.
 - Hy moes net God se raad uitvoer.
 - Toe hy uiteindelik hierdie roeping nie meer gesien het nie, het die Here hom oneervol uit hierdie diens verwyder.
 - Die feit is bloot dat mens nie eiegeregtig kan lewe nie. Jy bly elke oomblik gebonde om te doen wat God eis. Die vraag is nou: Waar staan u en ek?
- Die laaste saak is dat ons nie vir enige van ons onverantwoordelikheid by die Here 'n verskoning sal hê nie, want die Here maak ons bekwaam vir ons roeping en ons taak.
 - In ons besondere geval het dit so gebeur dat die koningskap waarvan Saul maar net 'n eerste voorbeeld was, later in die Here Jesus Christus tot vervulling gekom het.
 - Hy is deur God gestuur en gesalf om Koning oor die gereddes te wees.

In die uitoefening van sy koningskap het Hy deur baie smarte, spot en selfs die dood gegaan.

- Hy was een honderd persent getrou aan sy opdrag.
- **Die resultaat daarvan** was dat Hy alle magte wat God en die hemel teenstaan, verslaan het.
- **Die effek daarvan** is dat ons – vrygemaak van die verslawing aan die duiwel – aan die Here gehoorsaam kan wees met ons hele lewe. Ons is vry in ons koning Jesus Christus die Here.
- Ons is soveel te meer vry van onverantwoordelikheid omdat die Heilige Gees ons ook nog lei om die verkeerde te kan uitken, en te oorwin wanneer dit sy pad met ons kruis.

Daar is dus 'n geweldige aanspraak op ons verantwoordelikheid.

- Maar dan moet u altyd die troos onthou, want dis deel van ons bekwaammaking: Die Here vergeet nie wat Hy beplan het nie, en Hy verander ook nie sy raad nie.
- U as uitverkorene sal altyd die nabyheid van die Heilige Gees hê, en altyd beskerm word deur die kruiswerk van ons Here Jesus.

Wat is die bewys?

- Die bewys is geleë daarin dat die Here vooruit openbaar waarheen Hy met ons gaan, en dat Hy dan nooit daarvan afwyk nie.
 - So het die Here die vorige dag aan Samuel geopenbaar dat die man wat koning oor Israel moes wees, na hom toe sou kom.
 - En dit was so.
- Net so openbaar die Here aan ons die verlossing in Jesus Christus.
 - Maar ons staan met die verantwoordelikheid om die genade wat hierdie verlossing ons bied, elkeen voluit te benut.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 118:13 (p. 579)

- 13 Geseënd is die grote Koning / wat aankom in die HEER se Naam;
geseënd uit die HEER se woning / is volk en Koning altesaam.
Die HEER, die God van ons betroue, / Hy kom ons met sy ligglans teen;
bind dan die offerdier met toue / en lei dit na die altaar heen.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 28 April 2013